Klinies beduidende voorvalle van bradikardie en sinusarres het met toediening van deksmedetomidienhidrochlorid by jong, gesonde vrywilligers met hoë vagale tonus gepaardgegaan, of met verskillende toedieningsroetes, insluitende vinnige intraveneuse of bolus toediening van deksmedetomidienhidrochloried.

DEXISUN moet via deurlopende intraveneuse infusie toegedien word, wat nie ’n tydperk van 24 uur oorskry nie.

Vloeistowwe moet aangevul word voor en tydens toediening van DEXISUN ten einde normovolemie te verseker.

DEXISUN is toegedien aan pasiënte wat meganiese ventilasie benodig, asook aan pasiënte wat spontaan asemhaal na ekstubasie. Geen respiratoriese onderdrukking word met toediening van

DEXISUN geassosieer nie. Pasiënte wat DEXISUN ontvang kon wakker gemaak word en was helder toe hulle gestimuleer is. Dit is ’n verwagte komponent van deksmedetomidien-sedasie en in die afwesigheid van ander kliniese tekens en simptome moet dit nie beskou word as ’n bewys van gebrek aan doelmatigheid nie. DEXISUN is aaneenlopend geïnfuseer by meganies-geventileerde pasiënte voor ekstubasie, tydens ekstubasie, en ná ekstubasie. Dit is nie nodig om DEXISUN te staak voor ekstubasie nie.

Posologie

Volwassenes:

ISE-sedasie:

Die dosis van DEXISUN moet tot die verlangde kliniese effek geïndividualiseer en getitreer word.

Inisiasie:

Vir volwasse pasiënte word aanbeveel dat DEXISUN met ’n ladingsdosis van 1,0 mikrogram/kg oor tien minute geïnisieer word.

Instandhouding van ISE-sedasie:

Volwasse pasiënte sal oor die algemeen instandhoudingsinfusie in die reikwydte van 0,2 tot 0,7 mikrogram/kg/h nodig hê. Die tempo van die instandhoudingsinfusie kan aangepas word ten einde die verlangde kliniese effek te verkry. Doserings so laag as 0,05 mikrogram/kg/h is in kliniese studies gebruik.

’n Dosisverlaging van sowel die ladings- as instandhoudingsinfusies behoort oorweeg te word by pasiënte met belemmerde lewer- of nierfunksie en by pasiënte ouer as 65 jaar (sien afdelings 4.3, 4.4 en 5.2).

Bewuste sedasie:

Gemoniteerde narkosesorg (MNS) met ’n genoegsame senuweeblok en wakker veseloptiese intubasie (WVI).

DEXISUN-dosering moet tot die verlangde kliniese effek geïndividualiseer en getitreer word.

Inisiasie:

By volwasse pasiënte word DEXISUN gewoonlik met ’n ladingsinfusie van 1 (een) mikrogram/kg oor 10 minute geïnisieer.

Vir pasiënte ouer as 65 jaar of die wat minder indringende prosedures soos oftalmiese chirurgie ondergaan, mag ’n ladingsinfusie van 0,5 µg/kg oor 10 minute geskik wees.

Instandhouding van bewuste sedasie:

MNS – Ná die ladingsdosis, moet instandhoudingsdosering van DEXISUN oor die algemeen teen 0,6 µg/kg/h begin en getitreer word om die verlangde kliniese effek te verkry met dosisse wat wissel van 0,2 tot 1 µg/kg/h vir alle prosedures. Die tempo van die instandhoudingsinfusie moet aangepas word om die vlak van sedasie te bereik wat verlang word.

WVI – Ná die ladingsdosis by wakker veseloptiese intubasie, moet ’n vaste instandhoudingsdosis van 0,7 µg/kg/h gebruik word.

Spesiale populasies

Bejaarde pasiënte:

Aangesien bejaarde volwassenes meer sensitief vir die effekte van DEXISUN is, mag dit nodig wees om dosisverlaging te oorweeg (sien afdeling 5.2).

Belemmerde lewerfunksie:

Dit mag nodig wees om verlaging van die dosering te oorweeg by pasiënte met hepatiese belemmering, aangesien DEXISUN hoofsaaklik in die lewer gemetaboliseer word (sien afdelings 4.4 en 5.2).

Belemmerde nierfunksie:

Dit mag nodig wees om verlaging van die dosering te oorweeg by pasiënte met hepatiese belemmering, aangesien die meerderheid van die metaboliete in die urine uitgeskei word (sien afdeling 5.2).

Pediatriese populasie

Veiligheid en doelmatigheid van DEXISUN is nie by kinders en adolessente bestudeer nie en word gevolglik nie vir pasiënte jonger as 18 jaar aanbeveel nie (sien afdeling 5.2).

Dosisaanpassing:

Weens moontlike farmakodinamiese interaksies, mag ’n verlaging van die dosis van DEXISUN of ander gepaardgaande anestetika, sedeermiddels, hipnotika of opioïede nodig wees wanneer dit saam toegedien word (sien afdeling 4.5).

Metode van toediening

Slegs vir IV infusie.

’n Gekontroleerde infusie-apparaat behoort gebruik te word om DEXISUN toe te dien.

Parenterale produkte moet voor toediening visueel ondersoek word vir deeltjiemateriaal en verkleuring.

Flessies is bedoel om vir ’n enkele pasiënt gebruik te word.

Vir inligting rakende aanwysings vir voorbereiding of hersamestelling, sien afdeling 6.6.

DEXISUN moenie met ander medisinale produkte of diluente vermeng word nie, buiten die wat genoem word by afdeling 6.6.

4.3 Kontra-indikasies

DEXISUN word teenaangedui by:

- pasiënte met ’n bekende hipersensitiwiteit vir deksmedetomidien of vir enige ander bestanddeel van DEXISUN het, soos gelys by afdeling 6.1
- pasiënte met sepsis
- onstabiele traumapasiënte
- hipovolemiese pasiënte
- hartblok
- ongekontroleerde hartversaking
- dreigende lewerversaking
- ongekontroleerde hipotensie
- akute serebrovaskulêre toestande
- swangerskap en borsvoeding (sien afdeling 4.6).

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgmaatreëls vir gebruik

DEXISUN moet slegs toegedien word deur gesondheidsorgdeskundiges wat bekwaam is om pasiënte in die opset van ’n intensiewesorgeenheid te bestuur en wat volledige opleiding ontvang het in die gebruik van DEXISUN in die opset van ’n ISE.

Aaneenlopende monitering van elektrokardiogram (EKG), bloeddruk en suurstofversadiging is verpligtend tydens infusie van DEXISUN.

Veiligheid en doelmatigheid van DEXISUN by niechirurgiese intensiewesorg pasiënte is nie gerapporteer nie.

Kliniese voorvalle van bradikardie en sinusarres het met DEXISUN-toediening by sommige jong, gesonde vrywilligers met hoë vagale tonus gepaardgegaan, of met verskillende toedieningsroetes, insluitende vinnige intraveneuse of bolus toediening van DEXISUN. Bolus inspuitings van DEXISUN moenie gebruik word nie, ten einde ongewenste farmakologiese newe-effekte te minimaliseer.

Respirasie moet gemonitor word by pasiënte wat nie geïntubeer is nie weens die risiko van respiratoriese onderdrukking en in sommige gevalle apnee (sien afdeling 4.8).

Die tyd tot herstel nadat deksmedetomidien, soos in DEXISUN, gebruik is, is gerapporteer om ongeveer een uur te wees. Wanneer dit in ’n buitepasiënt-opset gebruik word, moet noukeurige waarneming vir ten minste een uur volgehou word (of langer, gegrond op die toestand van die pasiënt), met mediese toesig vir ten minste nog een uur verder om die pasiënt se veiligheid te verseker.

Omsigtigheid is nodig by pasiënte met voorafbestaande bradikardie-versteurings (d.i. gevorderde hartblok), of pasiënte met voorafbestaande erge ventrikulêre disfunksie (bv. uitwerpfraksie < 30 %) insluitende kongestiewe hartversaking en hartversaking waar simpatiese tonus kritiek is om hemodinamiese balans in stand te hou (sien afdeling 4.3).

Hipotensie, bradikardie en sinusarres:

Verlaagde bloeddruk en/of harttempo mag voorkom met die toediening van DEXISUN. Gegrond op kliniese ervaring met DEXISUN, indien mediese ingryping nodig is, mag behandeling insluit verlaging of staking van infusie van DEXISUN, versnelling van die tempo van intraveneuse vloeistoftoediening, oplig van onderste ekstremiteite en die gebruik van pressormedisynes. Omdat DEXISUN die potensiaal het om bradikardie wat geïnduseer word deur vagale stimuli te versterk, moet mediese praktisyns gereed wees om in te gryp. Die intraveneuse toediening van anticholinergiese middels moet oorweeg word om vagale tonus te modifiseer. In kliniese proewe was atropien en glikopirrolaat doeltreffend in die behandeling van die meeste episodes van DEXISUN-geïnduseerde bradikardie. Sommige pasiënte met beduidende kardiovaskulêre disfunksie het egter meer gevorderde resussitasiemaatreëls benodig.

DEXISUN verminder die aktiwiteit van simpatiese senuwees en gevolglik kan verwag word dat hierdie effekte meer uitgesproke sal wees by pasiënte met gedesensitiseerde outonomiese senuweestelselbeheer (d.i. bejaarde pasiënte, diabetes, chroniese hipertensie, erge hartsiekte).

Voorkoming van hipotensie en bradikardie moet die hemodinamiese stabiliteit van die pasiënt in ag neem en normovolemie moet verseker word voor toediening van DEXISUN. Pasiënte wat hipovolemies is, mag tydens DEXISUN-terapie hipotensief raak. Vloeistofaanvulling is dus voor en tydens toediening van DEXISUN nodig.

Bykomend, in situasies waar vasodilators of negatiewe chronotropiese middels toegedien word, kan gesamentlike toediening van DEXISUN ’n additiewe farmakodinamiese effek hê en moet met omsigtigheid en noukeurige titrasie toegedien word (sien afdeling 4.5).

Kliniese gevalle van bradikardie of hipotensie mag gepotensieer word wanneer DEXISUN gepaardgaande met propofol of midasolaam gebruik word. Verlaging van die dosis van propofol of midasolaam moet dus oorweeg word (sien afdeling 4.5).

Kortstondige hipertensie:

Kortstondige hipertensie is waargeneem, hoofsaaklik tydens die ladingsinfusie, geassosieer met die aanvanklike perifere vasokonstriktiewe effekte van DEXISUN en relatief hoër plasmakonsentrasies wat bereik word tydens die ladingsinfusie. Indien ingryping nodig is, kan oorweeg word om die tempo van die ladingsinfusie te verlaag. Ná die ladingsinfusie domineer die sentrale effekte van DEXISUN en die bloeddruk verlaag gewoonlik.

DEXISUN mag verminderde traansekresie veroorsaak. Smering van die pasiënt se oë kan oorweeg word om droogheid van die kornea te voorkom wanneer DEXISUN toegedien word.
DEXISUN moet nie as ’n bolus dosis gegee word nie en in die ISE word ’n ladingsdosis nie aanbeveel nie. Gebruikers moet dus gereed wees om ’n alternatiewe sedeermiddel te gebruik vir

akute beheer van agitasie of tydens prosedures, veral gedurende die eerste paar uur van behandeling. Tydens prosedurele sedasie mag ’n klein bolus van ’n ander sedeermiddel gebruik word indien ’n vinnige toename in sedasie vereis word.

Sommige pasiënte wat deksmedetomidien, soos in DEXISUN, ontvang kon wakker gemaak word en was helder toe hulle gestimuleer is. In die afwesigheid van ander kliniese tekens en simptome moet dit nie beskou word as ’n bewys van gebrek aan doelmatigheid nie.

Deksmedetomidien, soos in DEXISUN, veroorsaak gewoonlik nie diep sedasie nie en pasiënte kan maklik wakker gemaak word. DEXISUN is gevolglik nie geskik by pasiënte wat nie hierdie effekprofiel sal verduur nie, byvoorbeeld dié wat aaneenlopende diep sedasie vereis.

DEXISUN moenie as ’n middel vir induksie van algemene narkose vir intubasie gebruik word nie of om sedasie teweeg te bring tydens gebruik van spierverslappers nie.

DEXISUN het nie die antikonvulsantwerking wat party ander sedeermiddels het nie en sal dus nie onderliggende toeval-aktiwiteit onderdruk nie.

Sorg moet geneem word wanneer DEXISUN gekombineer word met ander verbindings met sedatiewe of kardiovaskulêre werking, aangesien additiewe effekte mag voorkom.

DEXISUN word nie aanbeveel vir pasiënt gekontroleerde sedasie nie. Daar is nie voldoende data beskikbaar nie.

Wanneer DEXISUN in ’n buitepasiënt-opset gebruik word, moet pasiënte normaalweg in die sorg van ’n geskikte ander persoon ontslaan word. Pasiënte moet geadviseer word om nie te bestuur of ander gevaarlike take uit te voer nie en om waar moontlik die gebruik van ander middels wat sedasie kan veroorsaak (bv. bensodiasepiene, opioïede, alkohol) vir ’n toepaslike tydperk te vermy op grond van effekte gerapporteer vir deksmedetomidien, die prosedure, gepaardgaande medikasies, die ouderdom en toestand van die pasiënt.

Pasiënte met belemmerde lewerfunksie

Sorg moet geneem word by erg belemmerde lewerfunksie aangesien oormatige dosering die risiko kan vergroot van ongunstige reaksies, oor-sedasie of verlengde effek weens verminderde opruiming van deksmedetomidien.

Pasiënte met neurologiese versteurings

Ondervinding met deksmedetomidien, soos in DEXISUN, by erge neurologiese versteurings soos hoofbesering en na neurochirurgie is beperk en dit moet in sulke gevalle met sorg gebruik word, veral indien diep sedasie nodig is. DEXISUN mag serebrale bloedvloei en intrakraniale druk verminder en dit moet in ag geneem word wanneer die keuse van terapie gemaak word.

Ander

Alfa-2-agoniste het minder dikwels gepaardgegaan met onttrekkingsreaksies toe dit meteens gestaak is nadat dit vir ’n lang tyd gebruik is. Hierdie moontlikheid moet in ag geneem word indien die pasiënt agitasie en hipertensie ontwikkel kort nadat DEXISUN gestaak is.

DEXISUN kan hipertermie induseer, wat weerstandig teen tradisionele metodes van afkoeling mag wees. Deksmedetomidien-behandeling moet gestaak word in die geval van volgehoue, onverklaarde koors en word nie aanbeveel vir gebruik by maligne hipertermie-sensitiewe pasiënte nie.

Bejaarde pasiënte:

Bejaarde volwassenes is meer geneig tot kardiovaskulêre ongunstige effekte, bv. hipotensie en bradikardie, en die dosis moet met sorg getitreer word om die verlangde effek te verkry. Noulettende monitering van die kardiovaskulêre stelsel (KVS) is nodig. Bejaarde pasiënte (ouer as 65 jaar) het dikwels laer dosisse DEXISUN nodig.

4.5 Interaksie met ander medisynes en ander vorms van interaksie

Sitochroom P450:

In vitro-studies het aangedui dat klinies relevante sitochroom P450-bemiddelde interaksies onwaarskynlik is.

Anestetika / Sedeermiddels / Hipnotika / Opioïede:

Gepaardgaande toediening met DEXISUN sal waarskynlik lei tot versterking van effekte van anestetika, sedeermiddels, hipnotika en opioïede. Spesifieke studies het hierdie versterking van effekte van sevofluraan, isofluraan, propofol, alfentaniel en midasolaam bevestig.

Geen farmakokinetiese interaksies tussen deksmedetomidien en isofluraan, propofol, alfentaniel en midasolaam is gedemonstreer nie. Wanneer dit gepaardgaande met DEXISUN toegedien word, mag dit egter nodig wees om die dosis van hierdie middels te verlaag weens die farmakodinamiese effekte.

Neuromuskulêre blokkers:

Geen klinies betekenisvolle toename in die grootte van neuromuskulêre blokkade en geen farmakokinetiese interaksies is waargeneem met toediening van DEXISUN en rokuronium nie.

Die moontlikheid van versterkte hipotensiewe en bradikardiale effekte moet in ag geneem word by pasiënte wat ander medisynes ontvang wat hierdie effekte veroorsaak, byvoorbeeld betablokkers, alhoewel addisionele effekte in ’n interaksiestudie met esmolol klein was.

4.6 Vrugbaarheid, swangerskap en borsvoeding

Dit is nie vasgestel of dit veilig is om tydens swangerskap en borsvoeding te gebruik nie.

Swangerskap

Daar is nie voldoende en goedgekontroleerde studies by swanger vrouens uitgevoer nie. Gebruik van DEXISUN word nie tydens swangerskap aanbeveel nie.

Kraam en verlossing

Die veiligheid van DEXISUN tydens kraam en verlossing is nie bestudeer nie en word gevolglik nie aanbeveel vir obstetrie nie, insluitende keisersneë.

Borsvoeding

Dit is nie bekend of DEXISUN in menslike melk uitgeskei word nie. Gebruik van DEXISUN word nie aanbeveel by vrouens wat borsvoed nie.

Vrugbaarheid

In die gerapporteerde rot-vrugbaarheidstudie, het deksmedetomidien geen effek op manlike of vroulike vrugbaarheid gehad nie. Geen data rakende vrugbaarheid by mense is beskikbaar nie.

4.7 Uitwerking op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik:

Die pasiënt moenie bestuur, masjinerie hanteer of besluite neem wat wetlike implikasies het nie tot 24 uur nadat hul herstel het van ’n chirurgiese prosedure waar DEXISUN gebruik is.

4.8 Ongewenste effekte

a. Opsomming van die veiligheidsprofiel

Ongunstige reaksies wat die gereeldste met DEXISUN gerapporteer is, is hipotensie, hipertensie, bradikardie, naarheid, droë mond en hipoksie (sien afdeling 4.4).

Die volgende newe-effekte is tydens kliniese proewe en met waarneming na bemarking gerapporteer en word volgens stelsel-orgaan-klas met aangeduide frekwensies gelys:

b. Getabuleerde lys van ongunstige reaksies

Tabel 1: Ongunstige reaksies met ’n insidensie > 2 % – ISE-sedasie populasie

Stelsel-orgaan-klas	**Frekwensie**	**Newe-effek**
Bloed- en limfstelselversteurings	Dikwels	Anemie
Metabolisme- en voedingsversteurings	Dikwels Minder dikwels	Hipovolemie, hiperglukemie, hipokalsemie, asidose Hipoalbuminemie
Psigiatriese versteurings	Dikwels Minder dikwels	Agitasie Hallusinasies

Stelsel-orgaan-klas	**Frekwensie**	**Newe-effek**
Kardiale versteurings	Dikwels	Bradikardie, atriale fibrillasie, tagikardie, sinus tagikardie, ventrikulêre tagikardie, miokardiale iskemie of infarksie
	Minder dikwels	Atrioventrikulêre blok, verminderde kardiale uitset, hartstilstand
Vaskulêre versteurings	Dikwels	Hipotensie, hipertensie
Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings	Dikwels	Atelektase, pleurale effusie, hipoksie, pulmonêre edeem, gehyg, respiratoriese onderdrukking
	Minder dikwels	Dispnee, apnee
Gastroïntestinale versteurings	Dikwels	Naarheid, droë mond, braking
	Minder dikwels	Buikuitsetting
Nier- en urienwegversteurings	Minder dikwels	Poliurie
Algemene versteurings en toestande by die plek van toediening	Dikwels	Pireksie, hipertermie, kouekoors, perifere edeem, onttrekkingsindroom
	Minder dikwels	Geneesmiddel oneffektief, dors
Ondersoeke	Dikwels	Verminderde urienuitset
Besering, vergiftiging en komplikasies met prosedures	Dikwels	Bloeding na die prosedure

Tabel 2: Ongunstige reaksies met ’n insidensie > 2 % – Bewuste sedasie populasie

Die meerderheid van die ongunstige reaksies is geassesseer met geringe ernstigheidsgraad. Ongunstige effekte wat die gereeldste voorgekom het, was hipotensie, bradikardie en droë mond (sien afdeling 4.4).

Stelsel-orgaan-klas	**Frekwensie**	**Newe-effek**
Kardiale versteurings	Dikwels	Bradikardie, tagikardie
Vaskulêre versteurings	Dikwels	Hipotensie, hipertensie
Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings	Dikwels	Respiratoriese onderdrukking, hipoksie, bradipnee
Gastroïntestinale versteurings	Dikwels	Naarheid, droë mond

Ongunstige reaksies na-bemarking:

Stelsel-orgaan-klas	**Frekwensie**	**Newe-effek**
Infeksies en infestasies	Minder dikwels	Infeksie, swaminfeksie, sepsis
Bloed- en limfstelselversteurings	Minder dikwels	Anemie, leukositose, koagulasieversteurings, dissemineerde intravaskulêre stolling, hematoom, abnormale plaatjies, verlaagde protrombien, trombositopenie
Immuunstelselversteurings	Minder dikwels	Allergiese reaksies
Metabolisme- en voedingsversteurings	Minder dikwels	Hiperglukemie, hipoglukemie, asidose, melksuurasidose, respiratoriese asidose, diabetes mellitus, hipokalemie, hiperkalemie, hipoproteïnemie, verhoogde alkaliese fosfatase, verhoogde nieproteïenstikstof (NPN), dors

Psigiatriese versteurings	Minder dikwels	Agitasie, angstigheid, verwardheid, delirium, depressie, hallusinasies, illusies, senuweeagtigheid
Senuweestelselversteurings	Minder dikwels	Konvulsies, duiseligheid, hoofpyn, neuralgie, neuritis, neuropatie, parestesie, paralise, parese, spraaksteuring, sinkopee
Oogversteurings	Minder dikwels	Diplopie, fotopsie, abnormale visie
Kardiale versteurings	Minder dikwels	Bradikardie, miokardiale iskemie, miokardiale infarksie, tagikardie, angina pectoris, disritmie, atriale disritmie, atriale fibrillasie, AV-blok, bondeltakblok, kardiale arres, ekstrasistole, hartblok, hipoksie, supraventrikulêre tagikardie, T-golf-inversie, ventrikulêre disritmie, ventrikulêre tagikardie
Vaskulêre versteurings	Minder dikwels	Hipotensie, hipertensie, bloeding, serebrale bloeding, perifere iskemie, vaskulêre versteuring, vasodilatasie, sirkulatoriese versaking, sianose, abnormale EKG, hartsteuring, verergerde hipertensie, pulmonêre hipertensie, posturale hipotensie
Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings	Minder dikwels	Volwasse respiratoriesenoodsindroom, apnee, brongiale obstruksie, brongospasma, hoes, dispnee, emfiseem, hemoptise, hiperkapnie, faringitis, pleuritis, pneumonie, pneumotoraks, pulmonêre kongestie, pulmonêre edeem, respiratoriese onderdrukking, respiratoriese

		versteuring, respiratoriese ontoereikendheid, verhoogde speekselafskeiding, stridor
Gastroïntestinale versteurings	Minder dikwels	Buikpyn, diarree, eruktasie, mukosale ulserasie, naarheid, braking
Hepatobiliêre versteurings	Minder dikwels	Verhoogde albumien tot globulien (AG) verhouding, verhoogde gamma-glutamieltranspepsidase (GGT), abnormale lewerfunksie, hiperbilirubinemie, verhoogde aspartaattransaminase (AST), verhoogde alanientransaminase (ALT), geelsug
Vel- en subkutaneweefselversteurings	Minder dikwels	Eritemateuse uitslag, verhoogde sweetafskeiding
Muskuloskeletale en bindweefselversteurings	Minder dikwels	Spierswakheid
Nier- en urienwegversteurings	Minder dikwels	Verhoogde bloedureum, oligurie, hematurie, akute nierversaking, abnormale nierfunksie, urienterughouding
Algemene versteurings en toestande by die plek van toediening	Minder dikwels	Askites, koors, hiperpireksie, hipovolemie, ligte anestesie, edeem, perifere edeem, pyn, onttrekkingsindroom, rigors.

c. Beskrywing van uitgesoekte ongunstige reaksies

Onttrekking

ISE-sedasie

Alhoewel dit nie spesifiek bestudeer is nie, mag onttrekkingsimptome soortgelyk aan die

gerapporteer vir ’n ander alfa-2-adrenergiese middel (klonidien) voorkom wanneer DEXISUN vir meer as 24 uur toegedien en skielik gestop word.

Hierdie simptome sluit in senuweeagtigheid, agitasie en hoofpyn gepaardgaande met of gevolg deur ’n vinnige styging in bloeddruk en verhoogde plasmakonsentrasie van katesjolamiene.

Bewustelike sedasie

Onttrekkingsimptome is nie gesien na staking van korttermyn-infusies van deksmedetomidien, soos in DEXISUN, nie (< 6 uur).

Rapportering van vermoedelike newe-effekte:

Dit is belangrik om vermoedelike newe-effekte wat gesien word nadat die medisyne geregistreer is, te rapporteer. Dit help met volgehoue monitering van die voordeel/risiko-balans van die medisyne. Gesondheidsorgverskaffers moet asseblief enige vermoedelike newe-effekte aan SAHPRA rapporteer via die vorm om ongunstige geneesmiddelreaksies te rapporteer, wat aanlyn by SAHPRA se publikasies beskikbaar is:

https://www.sahpra.org.za/Publications/index/8.

4.9 Oordosering

Eerstegraadse AV-blok en tweedegraadse hartblok mag voorkom.

Bradikardie, met of sonder hipotensie, en kardiale arres mag voorkom.

Omdat DEXISUN die potensiaal het om bradikardie wat deur vagale stimuli geïnduseer word te vererger, moet mediese praktisyns gereed wees om in te tree. In kliniese proewe was atropien en glikopirrolaat doeltreffend in die behandeling van DEXISUN-geïnduseerde bradikardie (sien afdeling 4.8).

5 FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1 Farmakodinamiese eienskappe

A 2.9 Ander analgetika. Farmakoterapeutiese groep: Psigoleptiese middels, ander hipnotika en sedeermiddels, ATC-kode: N05CM18.

Deksmedetomidien is ’n alfa-2-adrenoreseptoragonis.

Die sedatiewe effekte word hoofsaaklik bemiddel deur post-sinaptiese alfa-2-adrenoreseptors, wat op hul beurt inwerk op inhibitoriese pertussistoksien-sensitiewe G proteïen, om sodoende geleidingsvermoë deur die kaliumkanale te verhoog. Die setel van die sedatiewe effekte van deksmedetomidien word aan die locus coeruleus toegeskryf. Die analgetiese werking word bemiddel deur ’n soortgelyke werkingsmeganisme op die vlak van die brein en ruggraat.

Alfa-2-selektiwiteit word gesien na lae en medium dosisse wat stadig gegee word. Alfa-2- en alfa-1-aktiwiteit word na vinnige toediening gesien. Deksmedetomidien het geen affiniteit vir beta-adrenergiese, muskariniese, dopaminergiese of serotonienreseptors nie.

5.2 Farmakokinetiese eienskappe

Deksmedetomidien vertoon die volgende farmakokinetiese kenmerke na toediening: vinnige verspreidingsfase met ’n verspreidingshalfleeftyd ($t_{1/2\alpha}$) van ongeveer 6 minute; terminale eliminasiehalfleeftyd ($t_{1/2}$) van ongeveer twee uur; gelykvlak volume van verspreiding (V_{ss}) van ongeveer 118 liter. Die geraamde waarde van opruiming is ongeveer 39 L/h. Die gemiddelde liggaamsgewig geassosieer met hierdie geraamde opruiming was 72 kg.

Deksmedetomidien-proteïenbinding is geassesseer in die plasma van normale gesonde manlike en vroulike menslike studiedeelnemers: die gemiddelde binding was 94 % en was konstant oor die verskillende konsentrasies wat getoets is. Proteïenbinding was soortgelyk by mans en vrouens. Die fraksie van deksmedetomidien wat aan plasmaproteïene gebind is, was statisties betekenisvol minder by studiedeelnemers met hepatiese belemmering in vergelyking met gesonde studiedeelnemers.

Dit is onwaarskynlik dat deksmedetomidien klinies beduidende veranderings in die plasmaproteïenbinding van fentaniel, ketorolak, teofillien, digoksien, lidokaïen, fenitoïen, warfarien, ibuprofeen en propranolol sal veroorsaak.

Deksmedetomidien word feitlik uitsluitlik deur metabolisme geëlimineer, met 95 % van 'n radio-gemerkte dosis wat in die urine en 4 % in die feses uitgeskei word. Ongeveer 34 % van die uitgeskeide metaboliete is produkte van *N*-glukuronidasie.

Hepatiese belemmering

By studiedeelnemers met wisselende grade van hepatiese belemmering (Child-Pugh Klas A, B of C), was die opruimingswaardes laer as by gesonde studiedeelnemers. Die gemiddelde opruimingswaardes vir studiedeelnemers met geringe, matige, en hewige hepatiese belemmering was 74 %, 64 % en 53 %, onderskeidelik, van dit wat by normale gesonde studiedeelnemers gerapporteer is. Gemiddelde opruiming vir die vry medisyne was 59 %, 51 %, en 32 %, onderskeidelik, van dit wat by normale gesonde studiedeelnemers gerapporteer is.

Alhoewel deksmedetomidien tot effek gedoseer word, mag dit nodig wees om verlaging van die dosis te oorweeg afhangende van die graad van hepatiese belemmering (sien afdeling 4.2).

Renale belemmering

Dit is nie gerapporteer dat die farmakokinetika van deksmedetomidien (C_{maks}, T_{maks}, AOK, $t_{½}$, CL en V_{ss}) verskillend was by studiedeelnemers met hewige renale belemmering (Cr Cl: < 30 ml/min) in vergelyking met gesonde studiedeelnemers nie.

Geslag

Geen verskil in die farmakokinetika van deksmedetomidien weens geslag is gerapporteer nie.

Bejaarde pasiënte

Die farmakokinetiese profiel van deksmedetomidien is nie deur ouderdom gewysig nie. Bejaarde volwassenes is meer sensitief vir die effekte van deksmedetomidien. In kliniese proewe was daar ’n hoë voorkoms van bradikardie en hipotensie by bejaarde pasiënte (> 65 jaar oud).

Pediatriese populasie

Die farmakokinetiese profiel van deksmedetomidien is nie bestudeer by studiedeelnemers jonger as 18 jaar nie.

5.3 Prekliniese veiligheidsdata

Gerapporteerde niekliniese data toon geen spesifieke gevaar vir mense gegrond op konvensionele studies van veiligheidsfarmakologie, toksisiteit met enkele en herhaalde dosisse, en genotoksisiteit nie.

In die gerapporteerde studies van reproduktiewe toksisiteit, het deksmedetomidien geen uitwerking op manlike of vroulike vrugbaarheid by die rot gehad nie, en geen teratogeniese effekte is by die rot of konyn gerapporteer nie. In die konynstudie het intraveneuse toediening van die maksimum dosis, 96 µg/kg/dag, blootstellings geproduseer wat soortgelyk is aan die wat klinies gerapporteer is. By die rot het subkutane toediening teen die maksimum dosis, 200 µg/kg/dag, ’n toename in embriofetale sterfte veroorsaak en die fetale liggaamsgewig was verlaag. Hierdie effekte het met duidelike maternale toksisiteit gepaardgegaan. Verlaagde fetale liggaamsgewig is ook by die rotvrugbaarheidstudie teen ’n dosis van 18 µg/kg/dag waargeneem en het gepaardgegaan met vertraagde ossifikasie teen ’n dosis van 54 µg/kg/dag. Die gerapporteerde blootstellingsvlakke by die rot is onder die kliniese blootstellingsreikwydte.

6 FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

6.1 Lys van hulpstowwe

- Natriumchloried
- Water vir inspuitings.

6.2 Onverenigbaarhede

DEXISUN moet nie met ander medisinale produkte of diluente gemeng word nie, buiten die wat genoem word by afdeling 6.6.

6.3 Rakleeftyd

24 maande.

6.4 Spesiale voorsorgmaatreëls vir bewaring

Bewaar by of onder 25 °C in die oorspronklike houer.

Moenie in die yskas bewaar nie.

Sodra dit verdun is, moet die verdunde oplossing onmiddellik gebruik word. Indien dit nie onmiddellik gebruik word nie, mag die verdunde oplossing tydens die 24 uur “in-gebruik” tydperk teen 2 – 8 °C bewaar word. Enige ongebruikte verdunde oplossing moet na 24 uur weggedoen word.

Hou buite bereik van kinders.

6.5 Aard en inhoud van die houer

DEXISUN is verpak in 'n 2 ml buisvormige, USP tipe 1 flintglasflessie, met 'n 13 mm Teflon-bedekte grys rubberprop en 'n 13 mm pienk aluminium afdraaiseël, in 'n buitekarton. Elke karton bevat 1 of 5 flessies.

6.6 Spesiale voorsorgmaatreëls vir wegdoening en ander hantering

Voorbereiding van die oplossing:

Streng aseptiese tegniek moet altyd toegepas word wanneer DEXISUN-infusie hanteer word.

Voorbereiding van die infusie-oplossings is dieselfde vir die ladingsdosis en vir die instandhoudingsdosis.

Om die infusie voor te berei, onttrek 2 ml DEXISUN-konsentraat en voeg by 48 ml 0,9 % natriumchloriedoplossing vir ’n totaal van 50 ml. Skud liggies om goed te meng.

Na verdunning moet DEXISUN onmiddellik gebruik word en moet na 24 uur weggedoen word.

Toediening saam met ander vloeistowwe:

DEXISUN is verenigbaar met die volgende intraveneuse vloeistowwe en medisynes:

Gelakteerde Ringer se oplossing, 5 % Dekstrose in Water, 0,9 % Natriumchloried in Water, 20 % Mannitol, natriumtiopentaal, etomidaat, verkuroniumbromied, suksinielcholien, atrakuriumbesilaat, mivakuriumchloried, glikopirrolaatbromied, fenielefrien HCL, atropiensulfaat, midasolaam, morfiensulfaat, fentanielsitraat en ’n plasma-vervanger (d.i. Haemacel).

Verenigbaarheidstudies het getoon dat daar ’n potensiaal is vir adsorpsie van DEXISUN aan party soorte natuurlike rubber. Alhoewel DEXISUN tot effek gedoseer word, is dit raadsaam om komponente met pakstukke van sintetiese of bedekte natuurlike rubber te gebruik.

DEXISUN moenie met ander medisinale produkte of diluente vermeng word nie, buiten die wat hier bo genoem word.

7 HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT

Ranbaxy Pharmaceuticals (Edms.) Bpk.

Lautreweg 14

Stormill, Uitbr.1

Roodepoort 1724

Suid-Afrika

8 REGISTRASIENOMMER

54/2.9/0218

9 DATUM VAN EERSTE MAGTIGING

21 June 2022

10 DATUM VAN HERSIENING VAN DIE TEKS